Voorsittersrede

CH Wiese

SUID-AFRIKA EN DIE GLOBALE EKONOMIESE OMGEWING

Gedurende die jaar tot einde Junie 2011 was die impak van die wêreld se ekonomiese ellende op die lewe van verbruikers byna oral steeds te sien. Onsekerheid het met lang tye in internasionale markte geheers, veroorsaak deur die skuldkrisisse van verskeie eurosone-lande en die vrees dat die VSA kon versuim om sy skuld te betaal. Hoewel Suid-Afrika se versigtige fiskale beleid hom teen die ergste van die internasionale nadraai beskerm, het groei hier te lande ook verlangsaam. Dit is nie net as gevolg van die probleme wat sy vernaamste handelsvennote ondervind nie, maar ook as gevolg van die sterk rand en strukturele probleme in die ekonomie self. Daar word nie verwag dat die wêreldekonomie in die nabye toekoms ten volle sal herstel nie; die uitsondering is sommige lande in Asië en Afrika.

Die herstel in die Suid-Afrikaanse ekonomie was op die beste maar broos, en groeisyfers vir die jaar word toenemend afwaarts aangepas. Die groei wat, byvoorbeeld, in die vervaardigingsektor plaasgevind het, was traag en het geen opmerklike toename in werkverskaffing teweeg gebring nie. Trouens, volgens die jongste verslag van die Wêreldbank het 869 000 Suid-Afrikaners sedert die resessie van 2008-2009 hul werk verloor. Die persentasie werkloses onder die land se ekonomies aktiewe bevolking het nou 25.7% bereik – die hoogste uit die 61 lande waarvan internasionale agentskappe boekhou. Terselfdertyd sukkel meer as 14% van werkgewers, waaronder baie regeringsdepartemente, om noodsaaklike geskoolde poste te vul as gevolg van die tekort aan aansoekers met voldoende opleiding.

Die regering probeer verbruikers se nood verlig deur welsynstoelae aan 'n toenemende getal mense beskikbaar te stel. Met meer as 14 miljoen mense wat tans toelae ontvang, lyk hierdie benadering onvolhoubaar in die lig van die land se gedempte ekonomiese groei en relatief klein belastingbasis. Ondanks die feit dat werkskepping hoog op die regering se lys verklaarde prioriteite is, sal die meeste nuwe werksgeleenthede moet kom vanuit die privaat sektor, wat egter gekniehalter word deur onvanpaste arbeidswetgewing, hoë looneise en burokratiese vertragings in die goedkeuring van vaardigheidsimmigrasie. Hierdie gebrek aan 'n voldoende vaardigheidspoel is deel van

Hoewel werkgeleenthede in die ekonomie steeds daal, het ons in die jaar onder oorsig ons personeeltal deur organiese groei met meer as 7 000 tot oor die 95 000 kon verhoog. Shoprite Holdings is gevolglik vandag een van die grootste werkgewers in die private sektor.

die rede waarom die land in die Global Competitiveness Report vir 2010 van 45ste na 54ste op die lys van 139 lande gedaal het. Werkloosheid bied 'n enorme uitdaging vir die Groep se kernsake, wat nog altyd oorwegend mense aan die onderpunt van die inkomstespektrum bedien het.

AFRIKA

Die ekonomiese afswaai het Afrikalande, met hul kontantgebaseerde ekonomieë, nie in dieselfde mate as die meeste ander ekonomieë getref nie. In die huidige ekonomiese verslapping word verwag dat Afrika die enigste streek sal wees wat vinniger reële groei in 2011 as in 2010 sal toon. Gevolglik word Afrika al hoe aantrekliker vir beleggers wêreldwyd, en maak dit Suid-Afrika 'n logiese bestemming vir beleggers wat graag die land as poort na Afrika wil gebruik. Die groot voorsprong wat dit vir ons land bo ander mededingers meebring, is egter besig om vinnig te verdwyn namate onverantwoordelike opmerkings deur politieke leiers, die gebrek aan geskoolde werkers en die hindernisse tot toetrede tot die plaaslike mark toenemend tot frustrasie onder buitelandse beleggers lei.

Bykans twee dekades al is die Shoprite Groep besig om sy teenwoordigheid op die vasteland uit te brei, veral in die hulpbronryke lande van Wes-Afrika, en vandag bedryf die Groep meer as 160 winkels in 15 lande buite Suid-Afrika. Die voortgesette hoë vlak van burokratiese regulering van sake-ontwikkeling wat op elke regeringsvlak in byna elke land op die vasteland heers, stel egter steeds 'n uitdaging, en die Groep is altyddeur besig om maniere te ontwikkel ten einde die impak van sodanige burokrasie op sy sake te beperk.

Ek glo die grootste probleem wat betref sake doen in Afrika is die burokratisering van sy ekonomieë, wat vreesaanjaende afmetings aanneem in die vorm van die onkoste en vertragings waaraan dit besighede onderwerp wat in Afrika wil belê. Die eindelose vertragings geld vir byna elke soort goedkeuring wat 'n besigheid benodig, van visas vir geskoolde werkers tot goedkeuring van bouplanne en aansoeke om hersonering. Die verlammende gevolge van hierdie alles deurdringende burokratisering is tans ewe algemeen in Suid-Afrika as in enige ander plek op die vasteland. Daarteenoor blyk daar 'n paar lande te wees wat hul ekonomieë toegankliker wil maak. Byvoorbeeld, in Rwanda is dit, volgens 'n verslag van die Wêreldbank,

Voorsittersrede (vervolg)

moontlik om binne slegs twee dae 'n maatskappy te registreer en 'n registrasiesertifikaat te verkry. Dit is egter die uitsondering – heelwat sal moet verander voordat dit die norm in Afrika word.

MEDEDINGERS

Die toetrede van Wal-Mart, die wêreld se grootste voedsel-kleinhandelaar, tot die Suid-Afrikaanse kleinhandelbedryf verteenwoordig 'n enorme direkte buitelandse belegging in die land en moet dus verwelkom word, veral aangesien kapitaalbeweging na hierdie land vanuit die res van die wêreld in 2010 opmerklik afgeneem het. Inaggenome dat die groeipotensiaal van die Afrika-vasteland waarskynlik die minste ontwikkel van alle ontluikende markte is, is dit redelik te verwagte dat ander vername internasionale maatskappye hulle ook mettertyd hier sal vestig.

Die Suid-Afrikaanse kleinhandel was egter nog altyd een van die mededingendste sektore van die plaaslike ekonomie en dus ook een van die mees gevorderdes. Gevolglik het ons kleinhandelaars van wêreldgehalte gelewer wat in staat is om veranderende internasionale tendense voortdurend te assimileer. Die Shoprite Groep is in hierdie opsig nie 'n uitsondering nie: Oor 'n tydperk van meer as drie dekades het ons ons mark deur en deur leer ken en geleer hoe om nie net in Suid-Afrika handel te dryf nie, maar ook elders op die vasteland waar ons sake doen. Ons bedryf 'n uitgebreide netwerk strategies geplaasde afsetpunte en belê voortdurend daarin om ons verskaffingskettings en gesentraliseerde verspreidingsnetwerke te verbeter. Danksy die rugsteun van ervare bestuur en uitgebreide bedryfsvaardighede glo ons dat ons goed toegerus is om enige uitdagings in die voedsel-kleinhandel weens nuwe toetreders tot ons mark die hoof te bied.

BREED GEFUNDEERDE SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die Groep het hom ten volle tot die beginsels van breed gefundeerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) verbind. Sodoende het ons benaderings waarby die minderheid ten koste van die breë gemeenskap sou baat, vermy. Ons het ons daarop toegespits om werkgeleenthede te skep ten einde 'n lewensvatbare finansiële toekoms vir 'n groeiende getal voorheen benadeelde lede van ons gemeenskap te bied. Hoewel werkgeleenthede in die ekonomie steeds daal, het ons in die jaar onder oorsig ons personeeltal deur organiese groei met meer as 7 000 tot oor die 95 000 kon verhoog. Shoprite Holdings is gevolglik vandag een van die grootste werkgewers in die private sektor. Personeelvergoeding het meer as R6 miljard in die ekonomie teruggeploeg.

Die Groep het die afgelope vyf jaar bykans 30 000 nuwe werkgeleenthede geskep. Indien ons planne om in die nuwe finansiële jaar 106 nuwe winkels te open, verwesenlik word, verwag ons om teen Junie volgende jaar 'n verdere 8 000 tot 9 000 bykomende werkgeleenthede te kan skep.

Van ons huidige personeel is meer as 11 000 in diens van ons bedrywighede buite Suid-Afrika sodat ons ook 'n bydrae lewer tot die groei van die ekonomieë waarin ons sake doen.

In ons besigheid gaan werkskepping gepaard met uitgebreide, voortgesette opleiding om werknemers met 'n breë verskeidenheid van vaardighede toe te rus. Sowat 95% van die bykans 1 miljoen uur

gewy aan opleiding in die afgelope finansiële jaar het voorheen benadeelde lede van ons personeel betrek. Dit is ons beleid om mense van onder af te bevorder sodat sowel mans as vroue vandag 'n groeiende persentasie van ons middel-, senior en topbestuur oor die verskillende afdelings heen verteenwoordig. Strategieë is in plek gestel om te verseker dat dit toenemend gebeur, ook op groepbestuursvlak.

Ons deel egter in die frustrasie van ander opleidingsgerigte maatskappye wat hul opgeleide personeel verloor aan ondernemings wat self min in opleiding belê.

Ons het vanjaar ons BGSEB-betrokkenheid uitgebrei met die totstandkoming van die Shoprite-Ontwikkelingstrust met aanvangskapitaal van R65 miljoen. Dit sal, ter ondersteuning van die nasionale Strategie vir Ondernemingsontwikkeling, laerente-lenings asook bestuursvaardighede tot die beskikking stel van swart ondernemers in die gemeenskappe waar die Groep inkopiegeriewe besit of ontwikkel om hulle in staat te stel om eienaars van sake-eiendomme te word.

Ons het in die oorsigtyd ons BGSEB-programme, wat ons in die oorsigtyd 'n vlak 5-bydraerstatus besorg het, ook na ons verskaffers uitgebrei. Ingevolge ons voorkeur-verkrygingsprogram het ons produkte ter waarde van R37,1 miljard van BGSEB-verskaffers aangekoop. Onder hulle was daar 456 kleinboere oral in Afrika wat aan ons vars produkte verskaf wat voldoen aan die veeleisende standaarde wat ons stel. Ons bedryf tans ontwikkelingsprogramme wat 167 sulke kleinboere betrek.

DIREKSIES

Daar was gedurende die jaar geen veranderinge in die Direksie van Shoprite Holdings Bpk nie. Weens die toenemend komplekse besigheid wat ons bedryf en ons al breër geografiese teenwoordigheid is die direkteure maar alte bewus dat nie net die hoofdireksie nie, maar ook die ondergeskikte direksies in die Groep in voeling moet bly met die dinamiek van ons voortdurend veranderende markte. Teen hierdie agtergrond is verskeie inisiatiewe geïdentifiseer om te verseker dat ons op direksievlak oor al die vaardighede en kennis beskik wat nodig is om te verseker dat die Groep sy huidige groeitrajek handhaaf. Aankondigings in hierdie verband sal in die nuwe finansiële jaar gedoen word.

ERKENNING

Ek is uiters trots op die resultate wat die Groep die afgelope finansiële jaar behaal het – die gevolg van 'n reuse-spanpoging deur die direksie, die bestuur en personeel wat almal 'n deurslaggewende bydrae tot ons sukses gelewer het. Ek dra dus my opregte dank en waardering aan hulle almal oor – my mededirekteurs vir hul insig, leiding en ondersteuning; die bestuur vir die wyse waarop hulle die vele uitdagings tot voordeel van die Groep benut het; en ons personeel vir hul toewyding en volgehoue harde werk.

CH Wiese
Voorsitter

26 Augustus 2011